

Nuusbrief

September 2026

Presidents Boodskap



Die afgelope kwartaal was 'n opwindende en bedrywige tyd, met verskeie hoogtepunte vir die Braunvieh-ras.

Baie dankie aan Gawie en Willem Naudé van **Eduan Braunvieh**, asook Albert Roodt van **Roodt Braunvieh**, vir nog 'n suksesvolle produksieveiling wat op 4 Junie 2026 plaasgevind het.

Die veiling het goeie belangstelling en deelname gelok.

Dit was besonder bemoedigend om die uitstekende gehalte van die diere wat aangebied is, sowel as die belangstelling en ondersteuning van kopers en belangstellendes, te sien. Die veiling het waardevolle blootstelling aan die Braunvieh-ras gebied en 'n goeie grondslag geskep waarop ons verder kan bou om die ras aan 'n breër mark bekend te stel.

Een van die groot hoogtepunte van die kwartaal was ons Nasionale Veiling. Dit was 'n voorreg om deel te kon wees van so 'n besondere geleënthheid en om die gehalte en potensiaal van die Braunvieh-ras op hierdie platform te kon beleef.

Eerstens wil ek graag ons verkopers bedank: Hans Bester en dogters van **Witbek Braunvieh**, Kobus en Marelize Bezuidenhout van **Bezmar Braunvieh**, asook Tom Yzel van **Lezy Braunvieh**.

Baie dankie vir julle deelname en vir die gehalte van die diere wat aangebied is. Ons opregte dank gaan ook aan al die kopers wat die veiling bygewoon en deur hulle ondersteuning tot die sukses van die dag bygedra het.

Nuusbrief

September 2026

Die veiling het twee nuwe Suid-Afrikaanse rekordpryse opgelewer. 'n Dragtige koei is vir R85 000,00 verkoop, terwyl 'n SP-speenvers 'n rekordprys van R50 000,00 behaal het.

Beide diere is afkomstig uit die Witbek Braunvieh-stoet van Hans Bester en sy dogters van die Vrede-omgewing. Dieselfde stoet het ook die bul met die hoogste verkoopprijs van R90 000,00 gelever.

Al drie hierdie diere is deur Tom Yzel van Lezy Braunvieh, Marquard, aangekoop. Baie geluk aan **Hans Bester en sy dogters** met hierdie merkwaardige prestasie. Dit is 'n besondere mylpaal en 'n prestasie waarop hulle met reg trots kan wees.

Baie dankie ook aan elke raadslid wat 'n bydrae gelever het tot die organisering en suksesvolle aanbieding van hierdie geleentheid. Ons opregte waardering gaan verder aan ons borge, wie se ondersteuning gehelp het om die veiling moontlik te maak.

Hierdie prestasies is 'n uitstekende aanduiding van die potensiaal van die **Braunvieh-ras** en van wat ons binne die Suid-Afrikaanse vleisbeesbedryf kan bereik. Dit bied vir ons 'n sterk grondslag waarop ons verder kan voortbou.

Verder wil ek vir Sampie Rossouw van **Rossouw's Braunvieh** hartlik gelukwens met sy Braunvieh-bul, SWR 240017 – Rossouw's Qatar's Imando, wat vir die LNR se Spesiale Prestasietoetsklas van 2026 gekies is. Dit is 'n besondere prestasie. Mag hierdie bul voortgaan om 'n waardevolle bydrae te lewer en die Braunvieh-naam verder uit te bou.

Nuusbrief

September 2026

'n Spesiale woord van dank gaan aan Sonja Wasserman vir sewe jaar se toegewyde diens en ondersteuning. Dankie vir jou waardevolle bydrae, die professionele hantering van die kantoor en die vriendelike diens wat jy deur die jare gelewer het. Ons waardeer jou betrokkenheid en toewyding opreg.

Ons heet Charné Schwartz hartlik welkom by die Braunvieh-familie. Charné sluit by ons aan as die nuwe administratiewe beampte, en ons wens haar alles van die beste toe in haar nuwe rol. Ons sien uit na haar betrokkenheid by die vereniging.

Ten slotte wens ek elke Braunvieh-teler groot sukses toe met julle onderskeie boerderye, en in besonder met die verdere ontwikkeling en uitbouing van julle Braunvieh-kuddes. Mag ons as telers saam voortgaan om die Braunvieh-ras met trots uit te bou en sy plek in die Suid-Afrikaanse vleisbeesbedryf verder te versterk.



BAIE DANKIE, SONJA

Namens Braunvieh SA en al ons lede wil ons vir Sonja Wasserman baie dankie sê vir al die jare se hulp aan Braunvieh SA.

Ons wens Sonja alle sterkte toe met haar nuwe pos by SA Stamboek.

Baie dankie!




Welkom by die span!

Charné SCHWARTZ

Sekretaresse/
Genootskapbeampte



Ons is verheug om ons nuwe Sekretaresse/Genootskapbeampte by SA Stamboek te verwelkom! Ons sien uit daarna om saam te werk, nuwe idees te deel en voort te bou op die sterk fondasie wat reeds gelê is. Ons glo dat elke nuwe spanlid 'n waardevolle bydrae lewer, en ons is opgewonde oor die kennis, energie en vars perspektief wat jy na die organisasie bring. Mag hierdie nuwe hoofstuk gevul wees met groei, sukses en baie mooi geleenthede!

BRAUNVIEH SA KANTOOR

 E-pos
braunviehsa@studbook.co.za

 Telefoon
051 041 0931

Nuusbrief

September 2026

Baie Welkom aan ons nuwe Lede

BRAUNVIEH SA

Braunvieh SA
WIL VIR

**PIETER en ERIKA
de VILLIERS**

VAN PDW-RANCH BRAUNVIEH

EN OOK VIR

ARINA de VILLIERS

VAN SONNESKYN BRAUNVIEH

*Baie
Welkom*
♡ se by die ♡
**BRAUNVIEH
GENOOTSKAP!**

IS SO LEKKER OM
ou familie ♡
TERUG TE HÊ BY DIE
BRAUNVIEH FAMILIE. ♡

Nasionale Veiling '26

September 2026

GROOT DANK aan elke persoon wat vandag die veiling ondersteun het. Ons glo en vertrou dat al die kopers gelukkig is met hul aankope en dat dit groot waarde vir hul boerderye sal inhou.



2026

WESSETRAL

NASIONALE BRAUNVIEH
PARYS

VEILINGSRESULTATE
— 6 AUGUSTUS 2026 —

ITEM	VERKOOP	HOOGSTE	GEMIDDELD
SP BULLE	13	R90 000	R63 461
SP DRAGTIGE KOEIE	4	R85 000	R52 500
SP SPEEN VERS	1	R50 000	R50 000
SP OOP VERSE	7	R45 000	R26 285



Hoogste Bul prys - R90 000 (Lot 4)
SA Rekord vir Dragtige Koei - R85 000
SA Rekord vir SP Speen Vers - R50 000

BERMARKER: Janus Oberholzer 082 922 1265 / Coenie Boshoff 083 297 5969
AFSLAER: Allan Sinclair - 082 528 0059

WESSETRAL
BLOEMFONTEIN

TERME & VOORWAARDES GELD



Nasionale Veiling '26

September 2026

Hoogste bulprys - Lot 4 - R90000,00
*van Witbek-stoet gekoop deur Tom Yzel van
Lezy Braunvieh-stoetery*



SA-rekord vir dragtige koei - Lot 20- R85000,00
*van Witbek-stoet gekoop deur Tom Yzel
van Lezy Braunvieh-stoetery*



Nasionale Veiling '26

September 2026

SA-rekord vir SP-speenvers - Lot 37 - R50000-00

van Witbek-stoet gekoop deur Tom Yzel
van Lezy Braunvieh-stoetery



Baie geluk **Witbek-stoet** met uitmuntende diere en ook Tom Yzel van **Lezy Braunvieh-stoetery** met sy aankope



Nasionale Veiling '26

September 2026



Nasionale Veiling '26

September 2026

Groot dank aan al ons borge wat deel was van die Nasionale Veiling 2026. Sonder julle sou dit nie moontlik wees nie.



WENKEM S.A.
No alternative for quality
Agricultural Chemical Distributors



SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE



VLEISSENTRAAAL
BLOEMFONTEIN
DIE BESTE BOD — THE BEST BID

NAVRAE:
Kantoor 051 451 1439
Allan Sinclair 082 528 0059 | Gert Coetsee 082 414 5177
vleissentraal@vleissentraal.co.za

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • ERENDOM • LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY
www.vleissentraal.co.za

Presidents se telersbesoeke

September 2026

Een van my doelwitte as president van Braunvieh SA is om persoonlik kontak te maak met ons telers regoor die land. Hierdie besoeke bied nie net die geleentheid om ons telers en hul kuddes beter te leer ken nie, maar ook om eerstehands die uitdagings, suksesse en toewyding te ervaar wat daartoe bydra dat die Braunvieh-ras in Suid-Afrika groei.

*Ons landswye telersbesoeke het in die eerste gedeelte van die Vrystaat begin. Ek en Fanie Els het ons eerste besoek afgelê by Tom, Marie en Tommie Yzel van **Lezy Braunvieh** in Marquard.*

*Ek kan met oortuiging sê dat Tom se bynaam, "**Probleemkind**", beslis nie in sy boerdery weerspieël word nie. Ek en Fanie het Tom se twee veilingsdiere vir die Nasionale Veiling gekeur. Ons kon sy besondere kennis van beesboerdery eerstehands ervaar en Tom in sy natuurlike omgewing as boer en gesinsman leer ken.*

Ek glo dat Tom se kennis van beesboerdery en die Braunvieh-ras in die toekoms van onskatbare waarde vir ons sal wees. Baie dankie vir jou bereidwilligheid om die Braunvieh-ras vorentoe te neem.

*Ons volgende besoek was aan Japie, Amanda en Amari Bornman van **Jaborn Braunvieh** by Mooidam in Bultfontein.*

Die pad na hulle toe was nie van die beste nie, maar ons is uiters hartlik verwelkom. Ek moet Amanda komplimenteer met haar kerrie en rys!

Presidents se telersbesoeke

September 2026

Dit was besonders om die omvang van hulle boerdery te kon sien en ervaar. Hulle het troppe van meer as 60 koeie met Braunvieh-kalwers. Die Braunvieh-ras se kruisteelvermoë was besonder indrukwekkend en opvallend.

Dit was verfrissend en insiggewend om Amari se passie vir genetika te ervaar. Die verskillende troppe beeste wat ons gesien het, asook Amari se vermoë om die diere op so 'n groot skaal individueel uit te ken, was ongelooflik.

Wanneer bulle aangekoop word, kies Japie en Amari die bulle, terwyl Amanda die een is wat op die veiling bly. Uit eie ondervinding kan ek getuig dat sy beslis nie terugstaan nie! Baie dankie vir die lekker kuier en gesels.

*Daarna het ons Kobus, Marietjie, Mari en Marelize Bezuidenhout van **Bezmar Braunvieh** op die plaas Palmietgat by Brandfort besoek. Bezmar Braunvieh is die samesmelting van Kobus en Marelize Bezuidenhout se twee stoete.*

Ons het by die plaas aangekom terwyl die son besig was om te sak. Ek en Fanie het 'n jong groep bulle besigtig, en hulle toon baie potensiaal. 'n Mens kan die besondere kameraadskap tussen pa en dogter duidelik ervaar, en dit trek ook deur na hulle stoetery.

Ons het eers ná donker daar vertrek. Dit was weereens 'n baie lekker besoek en samesyn.

Presidents se telersbesoeke

September 2026

Marelize se bynaam is nie verniet **“Tannie Alles”** nie, want sy kan omtrent alles op die plaas én by die genootskap reël. 'n Mens ervaar duidelik hulle passie vir die Braunvieh-ras.

Baie dankie vir julle vriendelikheid. Kobus, baie dankie dat ek altyd op jou knoppie kan druk wanneer ek raad nodig het.

Die volgende reis was na Kallie, Hannelie en Schalk Fourie van **Idaho Braunvieh** in Louwna, Noordwes. Ek kon eerstehands die omvang van hulle boerdery beleef. Hulle is ook suksesvol betrokke by verskeie ander boerderyvertakkings.

'n Mens kan duidelik sien dat die Braunvieh-ras 'n groot passie van Hannelie is. Ek het besondere jaaroudverse en -bulletjies gesien. Die skoumanne sal hulle sokkies moet optrek, want Hannelie gaan beslis kom skou!

Ek het daardie oggend 'n heerlike ontbyt geniet en, soos julle op die foto kan sien, het die vierpotige familieledede ook lekker saam geëet.

Ek kan sterk aanbeveel dat enigiemand wat motorbandprobleme in Vryburg ervaar, vir Hannelie kontak.

Sy het my baie mooi gehelp met my teëspoed toe ek probleme met 'n bakkieband gehad het, by een van hulle besighede in Vryburg.



Presidents se telersbesoeke

September 2026

Ek het 'n opregte dankbaarheid ervaar dat ek as Braunviehraadslid by hulle kon aandoen en hulle stoet kon beleef.

Hulle het 'n duidelike passie om meer oor die Braunvieh-ras te leer. Baie dankie vir julle entoesiasme oor die Braunvieh-ras.

*Daarna het ek Rudi en Charina Slippers van **Rucha Boerdery** in Toska besoek. Dit was die eerste keer dat ek in die Molopo-gebied gekom het, en ek kan dit nou van my lysie plekke afmerk!*

Rudi is een van die kopers wat op die Nasionale Veiling aankope gedoen het. Ek kon duidelik sy passie vir die Braunvieh-ras ervaar – 'n passie wat reeds ontstaan het toe hy op universiteit was.

Ek het weereens beleef hoe aanpasbaar die ras is. Rudi het Braunvieh-diere van regoor die land aangekoop. Die kruisteelvermoë van die Braunvieh lê hom besonder na aan die hart, veral die Brahman-Braunvieh-kruisings. Baie dankie vir die lekker kuier en gesels.

*Laatmiddag het ek weer in die pad geval en verder gereis. My volgende besoek was aan Pieter en Erika de Villiers van **PDW-Ranch Braunvieh** in Stella. Ek het daardie aand ná 20:00 by Pieter en Erika aangekom. Baie dankie aan hulle vir die heerlike ete. Ons het lekker saam gesit en gesels tot in die vroeë oggendure.*

Ek wil Pieter en Erika uit my hart weer by die Braunviehgenootskap verwelkom en sê hoe bly ons is dat hulle besluit het om weer lede te word.

Presidents se telersbesoeke

September 2026

*Ek wil ook Pieter se suster, Arina de Villiers van **Sonneskyn Braunvieh**, hartlik terugverwelkom as lid van die Braunviehgenootskap.*

Die volgende oggend het ons 'n heerlike ontbyt geniet. Erika, baie dankie vir die lekker ontbyt. Ná ontbyt het ons begin om deur die beeste te ry. Wat 'n belewenis was dit nie om sulke groot troppe suiwer Braunviehdiere bymekaar te sien nie! Ek het besonder mooi vroulike diere gesien.

Dit was met 'n swaar hart dat ek daar weggery het van sulke vriendelike mense met 'n groot liefde vir die Braunvieh-ras.

'n Spesiale woord van dank aan Blikkies.



'Roadtrip' 2026

September 2026



BRAUNVIEH GENOOTSAP
PRESIDENT SE 1ST GEDEELTE VAN DIE VRYSTAAT BESOEKE
— Saam met Keurder Fanie Els —

1 Tom & Marie Yzel
van
Lezy Braunvieh Stoetery
MARQUARD

2 Japie & Amanda Bornman
van
Jaborm Braunvieh
BULTFONTEIN

3 Kobus, Marietjie & Marelize Bezuidenhout
van
Bezmar Braunvieh

DIE VRYSTAAT (1ST GEDEELTE)
MARQUARD
BULTFONTEIN
BETHLEHEM

BESOEK - DEEL - ONDERSTEUN

SAAM BOU ONS AAN DIE TOEKOMS VAN BRAUNVIEH!

*Dankie vir julle gasvryheid!
Saam gaan ons verder.*

1 DAG | **3 STOETERYE** | **STERK VERBINDINGS** | **TROTS OP BRAUNVIEH** | *Ons passie - Ons mense - Ons toekoms*

1ste besoek was by Tom en Marie Yzel van Lezy Braunvieh-stoetery in Marquard

2de besoek was by Japie, Amanda en Amari Bornman van Jaborn Braunvieh in Bultfontein

3de was by Kobus, Marietjie, Mari en Marelize Bezuidenhout van Bezmar Braunvieh in Brandfort

'Roadtrip' 2026

September 2026

1ste stop – Tom, Marie & Tommy Yzel van Lezy Braunvieh

Ek is Tom Yzel, 'n trotse vyfdegenerasieboer in Marquard, geleë in die Oos-Vrystaat. Ek boer saam met my pa en tweelingbroer.

Die beeste in ons boerdery is meer as net 'n boerderyvertakking, dit is ons passieprojek, veral die stoeterie. Lezy (Yzel net mooi omgedraai), Braunvieh is op die been gebring vir my seun, ook Thomas Edmund Yzel (Tommy).

My pa het die eerste beeste aangekoop as geskenk aan my en Tommy by Oom Flip Wessels van Winburg. Daardie eerste diere was kommersiële verse wat ek laat keur het as aanhangseldiere.

Ek het besluit om die diere te laat keur en opgradeer om sodoende my en my seun se stoetskudde op die been te bring. Op die 2021 Nasionale veiling het ek 'n bul genaamd Naka by Witbek Braunvieh stoet van Oom Hans Bester gekoop, sowel as twee SP-vroulike diere.



'Roadtrip' 2026

September 2026

Dit was die grondlegging van **Lezy Braunviehs**. My hart daaragter was om dit, mettertyd, saam met Tommy te kan geniet, my passie met hom deel en hom so touwys te maak om as sesde geslag eendag sy plek te kan volstaan.

Ons liefde vir boerdery en die stoetbedryf het so ekstra hartklop bygekry met die **Lezy Braunvieh** stoet. Ons droom vir die stoet is dat ons passie weerspieël sal word in die uitneemendheid van ons diere.

Ons is dankbaar vir die geleëntheid om deel te wees van die Braunvieh-familie en sien uit daarna om 'n rol te speel in die ophef, voortbou en vooruitgang van die Braunvieh-ras.

Soos die ou gesegde lui: " 'n Boer saai die saad met sy hande, maar hy laat dit groei met sy hart." Dit sal dan ook ons uitkyk wees wanneer dit kom by die **Braunviehs**.




'Roadtrip' 2026

September 2026




2de stop – Japie, Amanda en Amari Bornman van Jaborn Braunvieh

Sedert 1957 word daar al op Moidam in die Bultfontein-distrik van die Vrystaat met Braunvieh-beeste geboer. Pa Barend Bornman het dit begin en het 'n groot passie vir die suiwer Bruin Switser (toe só bekend gestaan) gehad.



Hul temperament was vir hom hul grootste bate. Hy was 'n onderwyser en het dus net deelyds geboer. Hy het osse voor 'n wa ingespan en daarmee het die werkers die lekke gaan aflaa.



Sedert 2022 het ons dogter Amari Bornman ook op die plaas betrokke geraak en stelselmatig die diere-afdeling begin behartig met die hulp van Japie en vandag kan ons met trots sê sy is nou ten volle in beheer van die diere-afdeling van ons boerdery.

'Roadtrip' 2026

September 2026



Die passie vir die Braunvieh-ras het sy oorgeërf. Sy het kennis van en belangstelling in genetika en pas ook streng seleksie toe vir 'n vrugbare en funksionele kudde.

Spanwerk word toegepas, veral as daar nuwe bulle aangekoop word.

*Amari kyk na die genetika en soek bulle op papier uit, maar Amanda help uitsoek op die fisiese voorkoms en geniet dit om te "**bie**" op die veiling en pa Japie doen die betaalwerk!*

Jaborn groete

'Roadtrip' 2026

September 2026

3de stop – Kobus, Marietjie, Mari & Marelize van Bezmar Boerdery

Bezmar Boerdery is geleë in die mooie Vrystaat tussen Brandfort en Bultfontein. Met rooigras wat 'n goudbruin kleur oor die vlaktes gooi, 'n groen kombars in die somer en die winter bring sy ysige oggende, wit ryp en helderblou lug.

My oupa Koos e'n pa Johan het in 1956 met Braunvieh's begin boer. In daardie tyd het hulle die beste gebruik vir melk en kruisteling met Brahmane en Drakenbergers.

Na die weermag in 1984 het ek op die plaas by my pa aangesluit. Marelize het nadat sy klaar gestudeer het by Grootfontein Landboukollege in 2019 as die vyfde geslag op die plaas voltyds begin boer. Ons het hoofsaaklik 'n gemengde boerdery waarvan vee die hoofvertakking is.

Ons sluit aan by die Braunvieh Genootskap in 2005 en Marelize begin haar stoet in 2011. Ons eerste aankope was by CDH Braunviehs van Christopher Havenga. Ons koop ook bulle aan by Oom Willie du Plessis, Hampie van Zyl en later ook by Eduan Braunvieh.



'Roadtrip' 2026

September 2026

Vir 15 jaar het ons as twee stoete bestaan, maar het in 2026 besluit om die twee een te maak. Ons het 'n liefde en passie vir die Braunvieh-ras wat oor geslagte kom.

Die vraag hoekom boer ons met Braunviehs?

Die aanpasbaarheid van die ras wat goed presteer onder verskillende toestande en koeie wat uitsonderlike moeders is met goeie melkproduksie en sterk kalwers wat uitstekend groei.

Die Braunvieh se temperament maak dit 'n plesier om met hulle te werk. Die uniekheid van die ras is enig in sy soort.

Ons visie wat ons deel is om 'n kudde te bou wat nie net vandag presteer nie, maar oor baie jare waarde toevoeg. Ons fokus daarop om goeie funksionele genetika te gebruik en diere te teel wat werklik in die praktyk presteer.

Bezmar Boerdery

Gebou op passie, gedryf deur genetika en gekoester deur 'n pa en dogter se liefde vir die Braunvieh-bees.



'Roadtrip' 2026

September 2026



BRAUNVIEH GENOOTSAP NOORDWES BESOEKE

Saam bou ons aan die toekoms van Braunvieh!



BESOEK – DEEL –
ONDERSTEUN



SAAM BOU ONS
AAN DIE TOEKOMS
VAN BRAUNVIEH!

*Dankie vir julle
gasvryheid!*



1

Hannelie & Kallie Fourie
van Idaho Braunvieh

📍 VRYBURG



2

Rudy en Charina Slippers

📍 TOSCA



3

Pieter, Erika en Arina
de Villiers van
PDW-Ranch en
Sonneskyn Braunvieh

📍 STELLA



Noordwes



1 WEEK



3 BESOEKE



STERK VERBINDINGS



TROTS OP BRAUNVIEH

*Ons passie – Ons mense –
Ons toekoms*



1ste besoek: Hannelie, Kallie en Schalk Fourie van Idaho Braunvieh in Louwna.

2de besoek was by Rudy en Charina Slippers van Rucha Boerdery in Tosca

3de besoek was Pieter, Erika en Arina de Villiers van PDW-Ranch Braunvieh en Sonneskyn Braunvieh in Stella

'Roadtrip' 2026

September 2026



1ste stop – Kallie en Hannelie Fourie van Idaho Boerdery in Louwna

My naam is Hannelie, en Idaho Braunvieh-beeste is vir my 'n besondere nuwe hoofstuk in my boerdery. Ek en my man, Kallie, boer sedert 1993, en is reeds 23 jaar in Louwna, Noordwes.

In 2022 het Schalk (my seun) die eerste Braunviehs op die Nasionale Veiling aangekoop, met die doel om die Braunvieh met Brahmane te kruisteel.

In 2024 het hy die Braunviehs as 'n geskenk aan my oorgedra. My kudde het bestaan uit 20 koeie en my bul, Witbek Lont.

Ek wil met Idaho Braunvieh doelgerig teel om die tekortkominge van die ras te verbeter en oor die lang termyn van die beste Braunvieh-bulle in Suid-Afrika te teel.



'Roadtrip' 2026

September 2026

My fokus is veral op die verbetering van algemene struktuur, kalfgemak en aanpasbaarheid. Ek glo dat goeie teling geduld, doelgerigte seleksie en 'n duidelike visie vir die toekoms vereis, en dit is die beginsel waarop ek Idaho Braunvieh wil bou.



'Roadtrip' 2026

September 2026

2de stop – Rudy en Charina Slippers van Rucha Boerdery in Tosca

Ons is Rudy en Charina Slippers. Ons het drie kinders: Channa, Henru en Rubin. Ons boer by Tosca op die plaas Kokomeng in die hartjie van die Molopo, Noordwes, met hoofsaaklik beeste bestaande uit Simbra, Simmentaler, Wagyu.

My eerste ontmoeting met Braunvieh (Bruin Switsers) was al in die sewentigerjare op my oupa se plaas in Philippolis.

In 1995 as eerstejaar-landboustudent is my eerste Diereproduksietaak oor beeskruisteling, maklike keuse, Brahman op Braunvieh (Bruin Switser).

Nou 30 jaar later het my droom waar geword. Op Eduan se veiling van 4 Junie 2026 koop ek aanlyn my eerste vroulike diere en 'n bul.



'Roadtrip' 2026

September 2026

Toe hulle hier afklim wou my hart smelt.

Ek moes nog kry en koop by Albert Roodt en Willem Naudé nog vroulike diere.

Ek en my swaer ry af met 'n vragmotor en in vriesreën op 29 Julie ry ons terug Tosca toe vanaf Albert en Susan Roodt. Die volgende dag is dit 'n volle 32 grade. Wat n tempratuurskok maar moenie glo nie, die Braunvieh wei volbek bloubuffelgras.

Op Nasionale veiling van 6 Augustus koop ek twee bulle en 'n pragtige koei.

Op 3 September kry ek besoek van Abie Rademeyer, en het ons lekker oor beeste gesels en natuurlik Braunvieh. Wat n aangename ontmoeting met die Braunvieh beeste, telers en genootskap.

Ons sien uit om "n pad saam met julle te stap.



'Roadtrip' 2026

September 2026

3de stop – Pieter, Erika en Arina de Villiers van PDW-Ranch en Sonneskyn BRAUNVIEH

Ons lees in 'n 2006 Braunvieh SA-joernaal 'n artikel waarin ons Pa 'n oorsig gee van sy 50 jaar as stoetteler. Vanjaar sou hy 70 jaar betrokke gewees het.

Ons as familie het die afgelope paar jaar groot teëspoed gehad met die afsterwe van ons dogter Annica in 2018, ons Pa in 2022 en ons Ma in 2024. Dit het 'n groot impak op ons as familie en ons uitkyk op die lewe gehad.

Ten spyte van alles het ons ons kennis en dryfkrag behou en teel ons steeds topgehalte diere. So wat ons kan sê is dat na 70 jaar is die De Villierse nog steeds hier.

Na 'n afwesigheid van ongeveer 10 jaar by die Genootskap, nog steeds geregistreer by die LNR, het ons gevoel dis tyd om weer aan te sluit by die SA Braunvieh-familie.



'Roadtrip' 2026

September 2026

Die besoek van Abie Rademeyer, president van die SA Braunvieh, in September 2026 word opreg waardeer.

Na al die jare was dit lekker om iemand van die Genootskap op die plaas te verwelkom. Ons sien uit na die toekoms om saam te werk en ons ras uit te bou. Soos ons Pa in sy artikel in 2006 geskryf het.

"Ek het al die Ras teleurgestel, maar die Ras het my nog nooit teleurgestel nie" (Oom Piet de Villiers).

Groete,
Pieter, Erika en Arina.



Toekenings 2026

September 2026



HARTLIK GELUK!

Namens Braunvieh SA wens ons Sampie Rossouw van Rossouw's Braunvieh van harte geluk met die besondere prestasie van sy bul:

SWR 240017 – QATAR'S IMANDO

◆ Gekies vir die LNR Spesiale Prestasietoetsklas 2026 ◆

Ons wens julle alle voorspoed en groot sukses toe!

LNR en Farmer's Weekly-prestasietoetsklas 2026

Wanneer ek bulkalwers oorweeg om terug te hou om aan die mark beskikbaar te stel, word verskeie maatstawwe gebruik sodat net die beste kalwers agter bly op die plaas. Vanweë die ekstensiewe gebied waarin ek boer, naamlik die Kalahari, is droogtes meer die reël as wat ons goeie jare beleef.

Op die 3de Oktober 2024 word SWR 240017, Rossouw's Qatar's Imando gebore.

Toekennings 2026

September 2026

Op speenstadium word hy geselekteer om Armoedsvlakte-toetsstasie toe te gaan vir Fase C-toets.

Hy begin die toets op 317 kg met 'n speenindeks van 109 en eindig die amptelike toets na 85 dae op 494 kg. Sy GDT was 2 235 g per dag met 'n indeks van 122. Sy voeromset was 4,83 kg voer opgeeet in vergelyking met elke 1kg vleis wat hy aangesit het. Die indeks is 119. Hy verwerf 'n goue merite.

Wat teling betref kom hy uit my huidige hoofstoetbul Rossouw's Benja's Qatar. In Qatar se voorgeslagte is diere soos Christopher Nampo, Christopher Bacardi en die groot skoukoei Beaulieu Rose 2.

Aan moederskant is sy voorgeslagte uit die Charlford-lyne waarop my stoet gebou is asook die legendariese Imando Nero Luno. Sy dogters het in die tagtigerjare jaar na jaar die hoogste pryse behaal op die Nasionale veiling.

Sy moeder Rossouw's Maria's Esmin het 'n tussenkalfperiode van 361 dae oor 5 kalwings. Sy is tans dragtig met haar 6de kalf.

Hoekom neem ek deel aan fase C in plaas van Fase D sal baie telers vra. Vanweë my streng seleksie en die wisselvallige veld toestande, is dit huidiglik die beste opsie om my jong bulle teen te toets.

Dus 'n voorreg Dit is vir my 'n voorreg om die Braunvieh-ras in hierdie klas te verteenwoordig.

Toekenings 2026

September 2026

VLEISSENTRAAL & SA STAMBOEK SE FASE C & D 2027 BULGROEI TOETS NOMINASIES



— Baie geluk aan die volgende telers! —



EDUAN BRAUNVIEH

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMN	230023	Omega Darius
BBSMN	230037	Anker Deon
BBSMN	230039	Anker Dewald
BBSMN	230040	Turbo's Dice
BBSMN	230042	Apollo's Dozi
BBSMN	230065	Anker Don
BBSMN	230076	Anker Dries
BBSMN	240029	Anker Edgar
BBSMN	240037	Aries's Erik
BBSMN	250011	Apollo's French
BBSMN	250014	Baron's Flash
BBSMN	250029	Apollo's Fabio
BBSMN	250033	Baron's Fable



ROSSOUW'S BRAUNVIEH

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMSWR	240017	Qatar's Imando
BBSMSWR	240022	Qatar's Asbesberg
BBSMSWR	250005	Takkeman's Tokkelos
BBSMSWR	250012	Qatar's Segler



WITBEK BRAUNVIEH

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMHB	240011	Kartel
BBSMHB	240013	Kallie
BBSMHB	240040	Rolo



ELS BRAUNVIEH

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMELS	240003	ELS240003



ROODT BRAUNVIEH

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMR	240010	Duster
BBSMR	240011	Dante
BBSMR	240016	Dara



LEZY BRAUNVIEH STOETERY

	ID Nommer	Bul Naam
BBSMTEY	240016	TEY240016



*Sterk genetika.
Sterk toekoms.*



Baie geluk aan al die telers met hierdie prestasie.



BRAUNVIEH SA
DIE RAS VAN KEUSE



GROEI



AANPASBAAR



GEHALTE



PRESTASIE

Entingprogram

September 2026



ALGEMENE BEES ENTINGSPROGRAM

— Dr Hanri Bester-Cloete





BESKERM
JOU KUDDE



VOORKOM
SIEKTES



BETER GESONDHEID
BETER PRODUKSIE



VOLG 'N SKEDULE
BLY VEILIG

ENTING	GEWONE NAAM VAN SIEKTE	OUDERDOM/ SEISOEN	HERHALING	TEIKENGROEP	VOORBEELDE VAN ENTSTOF	SIEKTESIMPTOME
 Multiclostridiale enting	Sponssiekte	2 maande	4 weke na eerste enting. Moet verkieslik jaarliks herhaal word op volwasse diere.	Kalwers voor speen. Diere wat nog groei.	Coglavax Covexin Clostrivax B Barvac 10 Nog baie ander	Skielike dood. Daar kon verskillende stamme van sponssiekte voor, wat veral jong diere wat vinnig groei teiken.
 Long virusse en Pasteurella	Longontsteking	2-3 maande (dis goed om diere voor die herfs reeds te ent)	Afhangende van die entstof wat gebruik word 4 weke na eerste enting	Kalwers voor speen. Indien stowwerige toestande voorkom, volwasse diere ook.	Bovishield Gold HipraBovis 4 Vir dragtige diere: Cattlemaster	Hoes, vinnige asemhaling, bly agter in groep.
 Knopvessiekte	Knopvessiekte	In die lente voor reën seisoen begin	Jaarliks	Alle diere	Bovilis Lumpyvax	Knoppe op die vel, hoë koors, soms aborsies, in erge gevalle dood.
 Brucella abortus	Bees brusellose	4 maande	Geen herhaling	Jong verse voor puberteit	S19 (in Braunvieh sal ek nie aanbeveel dat diere ouer as 5 maande hiermee geënt word nie). RB51	Aborsie, geswelde gewrigte. Kan na mense oorgedra word deur entstof, fetus vloeiستوowe en melk.
 Miltsekte	Miltsekte	6 maande	Jaarliks	Elke diere moet jaarliks volgens wet gespuut word	Anthravax, Botuvax, Supavax	Skielike dood, bloei uit liggaamsopeninge.
 FMD/BEK	Bek- en klouseer	Vanaf 1 week op	6 Maandeliks vir eerste twee entings, daarna jaarliks	Alle diere	Biogenesis Bago, Dollivet	Sere op tong en kloue, gewigsverlies. Hartversaking en skielike dood in kalwers
ANDER ENTINGS WAT OORWEEG KAN WORD AFHANGENDE VAN TOESTANDE OP PLAAS						
 Chlamydia abortus	Sporadiese aborsie	Voor paring	Jaarliks	Vroulike diere	Chlamyvax	Vroegegebore kalwers, of swak kalwers wat binne 'n paar dae doodgaan.
 Rota en Corona virus	Virale kalf diarree	Koeie voor kalf	Jaarliks	Vroulike diere	Rotavec-Corona	Kalwerdiarree
 Slenkdalkoors virus	Slenkdalkoors	3-12 maande	Jaarliks	Alle diere	Geïnaktiveerde of lewende entstof (lewendig nie vir dragtige diere nie)	Aborsies, vrektes onder kleinvee.
 3DSS virus	3-dae stywesiekte	In lente, voor reën seisoen	Jaarliks	Alle diere, Bulle belangrikste	BEF-Tect, OBP 3DSS	Loop styf, swaar diere soos bulle gaan lê, melkproduserende koeie se melkproduksie val drasties.



Nota: hierdie is net 'n riglyn en kan van area tot area en jaar tot jaar verskil.
Raadpleeg u plaaslike veearts vir advies wat aangepas is vir u kudde en toestande.



Brusellose – Besmetlike misgeboorte

BM getoets vanaf 2018 tot Julie 2025

Jaar	Aantal diere getoets	Aantal diere Positief	% Positief
2018	14160	223	1,60%
2019	35977	765	2,12%
2020	25421	308	1,20%
2021	17014	290	1,75%
2022	15598	184	1,18%
2023	17972	158	0,81%
2024	18578	388	2%
2025	7773	77	0,99%
Totaal	153993	2403	1,56%

NEGATIVE

BM

Baie moeilik om te beheer
Baie maklik om te keer....



Du Plessis•Laan 51
Langenhovenpark



grootdiere@lhpvet.co.za

Dr S Wessels
082 564 6487

Nelia Calitz
082 825 3347



Moenie jou
KOP in die **SAND**
druk nie

Hanteer die BM status van jou kudde
sonder vrees!

Brusellose – Besmetlike misgeboorte

BRUSELLOSE (Besmetlike Misgeboorte)

As jy met beeste boer, het jy al gehoor van BM, Besmetlike misgeboorte, Brucella of Brusellose. Die vraag is, het dit al jou sak of kudde geraak?

Hier is 'n paar feite oor Brusellose:

- Inkubaie: 8 dae tot 2 jaar.
- Pasop vir vals negatiewe toets resultate!
- Verse van besmette koeie kan in die baarmoeder reeds besmet raak of deur die biesmelk.
- Die bakterieë Brucella abortus is baie sensitief vir hitte, maar kan in koue toestande oorleef.
- Akute uitbrekings van die siekte volg nadat vatbare kuddes aan besmetlike misgeboorte blootgestel is en 30-70% van ongeënte vroulike diere tussen die vyfde maand en einde van dragtigheid aborteer.
- Koeie kan na hulle aborsie elke jaar normaal kalf, maar met elke kalwing skei hulle miljoene bakterieë af.
- Kierme kan tot 8 maande in 'n geaborteerde fetus oorleef.
- Brusellose kan deur KI oorgedra word met besmette saad.

Simptome:

- Aborsies, veral laat dragtige diere
- Doodgebore volwasse kalf
- Volwasse lewendige kalf wat gou na geboorte vrek
- Bybal onsteking by bulle
- Nageboortes wat vassit by koeie.
- Gewrigsontsteking

Voorkoming en Bestuur:

- Ent verse met S19 tussen 4-8 maande en skraag met RB 51 in hoë risiko gebiede. Dit bied dan 90% immuniteit. 3de enting met RB 51 voor dekking kan beskerming verhoog na 97%.
- Toets kudde jaarliks in hoë risiko gebiede en slag positiewe diere uit.
- Maak baie seker van die BM status van 'n kudde voordat vroulike diere ingekoop word.
- Koop slegs diere in met 'n BM verslag van 'n SANAS geakkrediteerde laboratorium.
- Ingekoopte diere moet geïsoleer word en eers weer getoets word vir BM voor toegelaat word in die kudde.
- Wees versigtig met die aankoop van jong oop verse waarvan kudde se status onbekend is.

Zoonosis – Kan aansteek na mense deur:

- Drink van besmette/ongepasteuriseerde melk
- Direkte blootstelling aan geboortevloeistof
- Eet van rou vleis

Simptome:

- Wisselende koors
 - Rug- en beenpyn
 - Seer keel
 - Gewrigs- en spierpyn
 - Aanhoudende hoes
 - Hoofpyn, baie sweet en gewigsverlies
- Breinsonsteking en hartaantasting kan ook voorkom

Ons moet ophou om in die privaatheid die krisis te probeer hanteer. Werk saam met jou kudde- en staatsveearts en speel oop kaarte met jou bure.



Anononieme Stoetboer

As stoetboer het dit my geweldig terug gesit. Twee van my top stoetbulle met genetika wat onvervangbaar is moes geslag word agv positiewe toetse vir BM. Ek moes ook vele van my vroulike diere laat slag nadat hulle positief getoets is. Daardie genetika wat verlore gegaan het is 'n oneindige shade. Genetika wat onvervangbaar is. Wat meer is, en baie hartseer, van daardie koeie het klein kalfies gehad. Ek moes net oë toekny en alles laat slag. Want ek het geweet dit sal die res van my kudde red vir die toekoms. BM is 'n baie ernstige siekte wat nie ligtelik opgeneem moet word nie. Ek het nie net 'n genetika verlies gehad nie, maar ook 'n geweldige finansiële verlies. Die oomblik toe BM in my kudde gewaar is, het ek dadelik alle positiewe diere laat slag. Dit sluit in bulle, koeie, koeie met hulle kalfies asook verse. Alles is geslag soos positiewe diere geïdentifiseer is, totdat ek 3 negatiewe toetse gekry het. Om te voorkom dat BM weer in my kudde voorkom, het ek alle verse 4 heer ge-ent voordat hulle gedek is. Soos my koeie half het ek hulle ook 2 heer ge-ent met RB51 voor hulle weer gedek is. Ek wil graag een en elke boer, of jy nou 'n stoetboer is en of jy net met beeste boer. BM is 'n werklikheid. Dit is oral. Ent asb julle diere in en toets jou hele kudde ten minste een heer per jaar.

Algemeen

September 2026

Tevrede boer uit die Noordkaap

Met die verskeidenheid rasse wat tot die kommersiële boer se beskikking is vir kruisteling, wil ek graag u aandag vestig op die potensiaal van die Braunvieh in so 'n stelsel.

Ek is 'n bemaagtigingsboer wat boer tussen Groblershoop en Kenhardt in die Noordkaap. Aangesien my boerdery nog in 'n groeifase is, bestaan my koeie uit verskeie rasse nl. Bonsmara, Tuli, en Boran/Vries-kruisings. Aan die einde van 2024 koop ek vir my twee Braunvieh bulle in vanaf 'n teler in die Noordkaap/Kalahari.

Met groot afwagting sien ons uit na die kalwers wat gaan aankom. In Oktober 2025 kom hierdie kalfie aan. Wat my opgeval het was die kalf se ligte velkleur en lewenskragtigheid. Dus neem ek hom af toe hy slegs 'n paar dae oud.



Algemeen

September 2026



Omdat die kalwers oor 'n tydperk aankom en ek steeds ander verpligtinge het, kon ek nie die kalf op tyd bemark nie. Dus word hy en van die ander kalwers eers op 8 Julie 2026 verkoop. Groot was my verbasing toe hierdie kalf die skaal op 364 kg trap. Dit getuig van die Braunvieh se groeivermoë onder ekstensiewe toestande.



Die koper van die kalwers was beïndruk met die gehalte en gewig van die diere. Hieruit kan ek getuig dat Braunvieh voorwaar 'n positiewe inpak in enige kruisteelprogram kan maak en geld in die boer se sak sit.

Braunvieh moet nie oor die hoof gesien word as jy as kommersiële boer 'n ras oorweeg om vir kruisteling te gebruik nie.

BRAUNVIEH 2026

Gesonde Genetika, Volhoubare Toekoms

DIE BETROUBARE KEUSE

KALENDER 2026



09 - 12
SEPTEMBER

Nampo-Kaap -
Bredarsdorp



02 - 03
OKTOBER

Nampo / Alfa -
Bothaville



07 - 11
OKTOBER

Royal Skou -
Tweedie Hall in Howick



28 - 29
OKTOBER

SA Stamboek
Trailblazer



29
OKTOBER

SA Stamboek -
Algemene Jaarvergadering



15 DESEMBER

Kantoor sluit

Sterk In Die Hede, Toonaangewend Vir Die Toekoms

Lief en Leed

September 2026



Ons innige simpatie aan Sonja Wasserman met die afsterwe van haar Pa.

Dit is met groot hartseer om te hoor van die afsterwe van Charlene Fullard se Ouma Marie Frieda Wilhelmine Fullard, ons opregte meegevoel aan die familie.



BRAUNVIEH SA



BRAUNVIEH PROMOSIE ITEMS

GEBOU VIR DIE BUIE, GEMERK VIR U.

 1 VENTURE BUSH HEMP R450.00	 2 VISOR CAP R80.00	 3 OUTDOOR HAT R160.00
 4 OILSKIN CAP R180.00	 5 440ml STAINLESS STEEL TUMBLER R200.00	 6 BUCKLE R180.00

KONTAK
Besonderhede



Marelize Bezuidenhout
Tel: +27 82 085 9742



Email: marelizebez14@gmail.com



Kwaliteit wat u kan dra. 'n Handelsmerk wat staan.

VERJAARSDAE

2026

AUGUSTUS

6 - Paul Roos
Witbek Braunvieh
14 - Marelize Bezuidenhout
Bezmar Braunvieh
14 - Fanie Els - Els Braunvieh
14 - Amari Amie Bornman -
Jaborn Braunvieh
22 - Willem Naudé
Eduan Braunvieh
23 - Elmarie Voster
Danru Braunvieh
26 - Andre Reitsman
JC Braunvieh

SEPTEMBER

18 - Lizelle Els
Els Braunvieh
25 - Henlo Fourie
Fourieland Braunvieh
26 - Sampie Rossouw
Rossouw's Braunvieh
27 - Nerina Venter
Venterscradle Braunvieh

OKTOBER

2 - Mara Naudé
Eduan Braunvieh
6 - Gawie Naudé
Eduan Braunvieh
9 - Marguerite Koetsier
Edelvieh Braunvieh
10 - Wilhelm Venter
Venterscradle Braunvieh
28 - Hannelie Fourie
Idaho Braunvieh
29 - Marina Bester
Witbek Braunvieh

NOVEMBER

01 - Hardus Cloete
Witbek Braunvieh
06 - Pieter de Villiers
PDW-Ranch Braunvieh
14 - Liezel Grobler
Kantoor Braunvieh

DESEMBER

18 - Susan Naudé
Eduan Braunvieh
25 - Hans Bester
Witbek Braunvieh
30 - Charlene Fullard
Evara Braunvieh
31 - Rudy Voster
Danru Braunvieh